



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2018

**AFRIKAANS HUISTAAL V2
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 80

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 29 bladsye.

NASIENRIGLYNE

1. As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. (Die kandidate mag nie die **opstelvraag** en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)
2. As 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte gedoen het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.
3. As 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.
4. As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.
6. As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
7. *Literêre opstel:* As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepeenaliseer omdat hy/sy, hom-/haarself gepeenaliseer het. As die opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener/vakhoof. Die nasienriglyn is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die literêre opstelle na te sien.
8. *Kontekstuele vrae:* As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie.
9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.
11. Moenie woorde nasien nie, sien betekenis na.

AFDELING A: GEDIGTE**VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL – “eerste worp”**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

LET WEL:

- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ’n gepaste inleiding aan.

- **Die riviere van ander wêrelddele is bevaarbaar**, maar in Suid-Afrika is daar net droë lope. (*versreël 2 en 13*)
- **Die bevaarbare riviere van ander wêrelddele** staan in kontras met die oerrivierbeddings van Suid-Afrika. (*versreël 2 en 14*)
- **In die ander wêrelddele is daar baie water**, maar in Suid-Afrika is daar min. (*versreël 2 en 14*)
- **In die res van die wêreld is daar baie reën**, maar in Suid-Afrika is dit net ’n uitgestrekte woestyn. (*versreël 3 en 10*)
- **Die baie reën van die wêreld** staan in kontras met die droë lope en rivierbeddings met min water. (*versreël 3 en 13*)
- **Die groot metropole** staan in kontras met ons woestyne. (*versreël 4 en 10*)
- **Die donkergroen woude** staan in kontras met die krom grysbome. (*versreël 5 en 11*)
- **Die ander wêrelddele het baie groot name** wat in kontras staan met Suid-Afrika se ou inheemse name. (*versreël 6 en 14*)
- **Dante se letterkunde** staan in kontras met die stories wat van Suid-Afrika se plekname vertel. (*versreël 7 en 15*)
- **Geen in strofe 1** staan in kontras met die *baie* in versreël 13.
- **Ou in versreël 1** staan in kontras met *eerste worp* in versreël 17.
- **Die baie sagte onwerklike drome in die ander wêrelddele** staan in kontras met die min sagte onwerklike drome in Suid-Afrika. (*versreël 1 en 9*)
- **Die gemakliker lewe in die ander wêrelddele** staan in kontras met die harder lewe in Suid-Afrika. (*strofe 1 en 7*)

Die kandidaat bied ’n gepaste slot aan.

Die kandidaat moet albei kante van die kontras/teenstelling noem.

[10]

OF

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG – “Twee kleuters in die Vondelpark”

Vraag	Antwoord	Punt
2.1	Oksimoron ✓ Dit is asof die oomblik waarin die twee kinders in stille verwondering die skoonheid aanskou/hande vashou, nooit gaan eindig nie./ 'n Oneindigheid duur vir ewig en sal nie normaalweg as “klein” beskryf word nie./ Die digter suggereer dat tyd vir 'n oomblik tot stilstand gekom het, die oomblik gestol het. ✓	1 1
2.2	Dit ondersteun/die beweging/stap van die kinders deur die park. Dit dui op beweging én die kinders is aan die stap. ✓	1
2.3	'n Rustige / stil / goddelike / vredevolle stemming ✓	1
2.4.	Lilliput is 'n plek met klein mensies/dwergies wat net 'n paar sentimeter groot is. ✓ Dit dui dus op 'n onbeduidende/onbelangrike persoon ✓ wat aansluit by die gedagte dat die seun dink hy is belangrik, maar hy is nie. /Hy word maar slegs een van baie in 'n kleinburgerlike gemeenskap. ✓	1 1 1
2.5	Die retoriese vrae bevestig dat seuns en dogters hul verbeeldingskrag gaan verloor./ Die strofe bevestig dat kinders as volwassenes gaan vergeet om die mooi/skoonheid raak te sien./ Kinders gaan vergeet om die goeie dinge in die lewe te waardeer./ Die strofe bevestig dat die lewe kinders onherroeplik gaan verander./ Die strofe bevestig dat die lewe die onskuldige kinders se onskuld gaan wegneem. ✓✓ <i>Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.</i>	2
2.6	Die teenstrydighede tussen mens en natuur word uitgehef./ Die leser beseft die skoonheid sal altyd daar wees, al kan die mens dit nie meer sien/waardeer nie./ Die leser beseft nou dat die mens die skoonheid versteur in hul soeke na sukses/vasle geluk./ Die skepping bly volmaak, maar deur die optrede van die mens word dit geskend. ✓	1
		[10]

OF

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG – “Vincent van Gogh”

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	'miskende' ✓ 'vergeefs' ✓	1 1
3.2	Alliterasie ✓ Die spreker se strydgedagte met God word beklemtoon/vererger. ✓	1 1
3.3	Van Gogh moes eers 'n skilder word om sy ware roeping in die lewe te vind. ✓	1
3.4	Dit lyk asof dit vloei./ Beweging sodat dit lyk of iets skeef staan/wil omval./ Dit dui op die golwende effek. ✓ Sinestesie ✓ Die leser kan die beeld hoor, voel en sien./Die leser kan die beeld op verskeie sintuiglike maniere ervaar. ✓	1 1 1
3.5	Tevredenheid / aanvaarding / opgewondenheid ✓	1
3.6	Die <i>immergroen sypress</i> verwys na lyding, soos Van Gogh ervaar het, maar ondersteun ook die verlossende gedagte van 'n ewige lewe wat Van Gogh deur sy goddelike roeping gevind het. ✓	1
		[10]

OF

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG – “Wie’s hy?”

Vraag	Antwoord	Punt
4.1	Die gewone mens / die mens op straat ✓	1
4.2	’n Gemoedelike / speelse stemming ✓	1
4.3	Nee Retoriese vrae is vrae waarop daar geen antwoord is nie, maar die spreker gee self sy antwoord op die vraag. ✓	1
4.4	Kaaps/ Kaapse Afrikaans ✓ Die gebruik van Engels tussendeur die Afrikaans/ Palatalisasie/ Assimilasie/Die gebruik van die ‘oe’-klank i.p.v. ‘oo’/Weglating van eindklanke in woorde ✓ Die gebruik van Kaaps maak die spreker geloofwaardig./pas by die milieu van die gedig. ✓	1 1 1
4.5	Die digter moet (dadelik) onreg aanspreek. ✓ Ja Digtters moet deur hul skryfwerk die samelewing van onreg/verkeerde dinge bewus maak./is die spreekbuis van ’n gemeenskap. OF Nee Digtters is dit nie aan die publiek verskuldig om sosiale kwessies aan te spreek nie, maar kan eerder eie mooi gedagtes neerpen. ✓ <i>Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.</i>	1 1
4.6	Almal wat die taal speels/kreatief gebruik, is digters./ Die gewone mens kan ook skep./ Digtterskap is nie slegs om formeel/amptelik te dig nie. ✓ Die kandidaat formuleer ’n eie boodskap uit die tema van die gedig, bv. Ek kan ook ’n digter wees as ek skryf oor dinge wat verkeerd is in ons samelewing./Ek kan ook ’n digter wees as ek my taal speels/kreatief inspan om te skep. ✓	1 1
		[10]

EN

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG – “eksamen”

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	'n Persoon wat leer vir die eksamen./ 'n Persoon wat eksamen gaan skryf. ✓	1
5.2	'n Deurmekaarspul/Onordelikheid/Chaos/Wanorde ✓ Eksamen veroorsaak spanning wat als deurmekaar laat voel. ✓	1 1
5.3	Net soos die wyfiespringkaan haar eiers uitstoot, net so word die inligting/leerwerk in die spreker se kop ingestoot/gememoriseer. ✓	1
5.4	Die aandagstreep beklemtoon die <i>dopgedagte</i> ./ Die aandagstreep beklemtoon/vestig die leser se aandag op die <i>doodgedagte</i> . ✓	1
5.5	Geen vaste rymskema./ Geen vaste strofepbou./ Geen vaste leesteken-/skryftekengebruik. ✓✓ <i>Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN PUNT ELK aan.</i>	2
5.6	Metafoor ✓ Soos die suiker verkorrel om soeter te word, so sluimer die spreker in totdat sy slaap./ Soos suiker oplos, “los” die spreker “op” in die slaap. ✓ Die s-alliterasie beeld die sagte klank/sussende effek van slaap uit. ✓	1 1 1
		[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

VRAAG 6: LITERÊRE OPSTEL – die kwart-voor-sewe-lemie – Eleanor Baker

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Iris het met die plant in haar ma se tuin vereenselwig**, want hoewel sy 'n doodgewone lewe geleef het, het sy besef sy is bestem om te blom.
- **Iris besef dat haar blomtyd, soos die lemie s'n, nie perfek sal wees nie**, maar bly hoop vir 'n oomblik van groot geluk.
- **Iris besef tydens puberteit dat die iris ook deel is van die oog** en beskou haarself as diepsinnig en skerpsinnig.
- **Sy ontdek dat Iris 'n godin in die Griekse mitologie was wat ander hoër gode gedien het** en besef dat sy in diens van ander mense staan.
- **Hierdie godin aktiveer ook Iris se verbeeldingswêreld** en laat haar op romantiese verbeeldingsvlugte gaan.
- **Peter sê vir Iris dat Iris ook die Griekse godin van die reënboog is** en op die manier verken sy verdere moontlikhede vir haarself.
- **Iris se hele lewe is 'n hunkering na die blomtyd in haar lewe**, want sy glo sy moet net een perfekte oomblik beleef waarin sy sal blom.
- **Johanna sê vir Iris dat sy elke dag vir almal om haar blom**, maar die betekenis van haar naam noop haar om te bly glo dat een groot oomblik haar bestem is.
- **Iris glo al van haar skooldae af dat sy die een of ander tyd moet blom**, want op skool leer sy die betekenis van haar botaniese naamgenoot ken.
- **Sy glo sy moet altyd gereed wees**, want die blom oomblik kan enige oomblik gebeur.
- **Iris glo ook dat sy geen geleentheid van die hand mag wys nie**, want dit mag 'n potensiële blom oomblik wees.
- **Sy leef haar hele lewe in afwagting op 'n grootse gebeurtenis** en hierdeur veroorsaak sy baie frustrasie vir die mense om haar.
- **Iris reken dat elke mens so 'n moment van volmaakte sintese moet beleef** en weier om te aanvaar dat dit haar nie beskore is nie.
- **Iris sien die modelkontrak in Amerika as 'n moontlike geleentheid om te blom**, want dit is 'n geleentheid om internasionaal naam te maak.
- **Peter meen Iris se ouers moes haar nooit so genoem het nie**, want dan sou sy nie sulke spesiale verwagtinge gehad het nie.
- **Tydens die slottoneel sit Iris en Johanna en wag vir die verknying van die kwart-voor-sewe-lemie** wat daarop dui dat sy tevrede besef dat 'n mens se hele lewe 'n blomtydperk kan wees.

- Iris besef aan die einde van die roman dat die wonder van die lewe nie slegs tot een magiese oomblik beperk kan word nie, want 'n mens kan elke dag blom.
- Die realiteit van 'n geroetineerde voorstedelike bestaan kan net so magies wees soos die beste fantasie.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

[25]

OF

VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG – Die kwart-voor-sewe-lolie – Eleanor Baker

Vraag	Antwoord	Punt
7.1	In dokter Anders se spreekkamer ✓	1
7.2	Hy is belese./Lees baie. ✓ Hy het uiteenlopende voorkeure/interessante belangstellings. ✓ Hy is perfeksionisties./hou van orde. ✓	1 1 1
7.3	Eerstepersoonsverteller ✓ Iris werk vir/by dr. Anders, dus sal sy weet hoe sy spreekkamer lyk./kan sy hom goed beskryf. ✓	1 1
7.4	Iris wou 'n beroep hê waarin sy steeds tyd gehad het om aan haar verbeeldingsvlugte aandag te gee. ✓ Haar pa was nie tevrede met haar beroepskeuse nie./het gedink dat hy sy geld gemors het om haar universiteit toe te stuur./het gedink dat sy meer kan doen met haar universiteitsgraad. ✓	1 1
7.5	Iris het soos 'n buitestaander in haar familie gevoel./het nie gedink mense gee aandag aan haar nie./het gedink haar lewe is saai./wou van haar alledaagse bestaan ontsnap./werk so vir haarself emosionele vraagstukke uit. ✓ Sy het hierdie karakter tydens Elsa se swangerskap geskep. ✓ Sy het haar kêrel Riekie in Richard verander./ Sy het haar 'n romanse met Eduard/St. John verbeel. ✓	1 1 1
7.6	Iris gehoorsaam nie die wette van die werklikheid nie, maar verkies om eerder in die fantasiewêreld met fantasiekarakters besig te wees. ✓ <i>Albei kante van die ironie moet vir EEN punt genoem word.</i>	1

7.7	Aangesien Iris die fiktiewe Peter se kind verwag het, het sy maklik haar maagdelikheid verloor toe sy 'n werklike Peter ontmoet. ✓	1
7.8	Iris het 'n kabelgram van Frederik ontvang (waarin hy haar vra om te trou). ✓	1
	Iris is in Teks A in Suid-Afrika en nou in Teks B in Amerika. ✓	1
	Frederik het saam met Iris by dokter Anders gewerk. ✓	1
7.9	Johanna is soos 'n ma vir Iris en die dogters./Vleg hul hare. Johanna organiseer die huishouding./sorg dat die sleutels in die sleutelbak is. Johanna gee raad oor liefde./berispe die dogters. ✓✓	2
	<i>Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde aan vir EEN punt ELK</i>	
7.10	Nee Iris en Frederik het 'n platoniese/oppervlakkige verhouding gehad./ Hoewel Iris en Frederik 'n paar keer uitgegaan het, was hul verhouding nie ernstig nie./Iris het Frederik se soenery 'verduur' maar wou hom nie meer toelaat nie. ✓	1
7.11	Iris en Peter ken mekaar nog glad nie goed nie./het nog nie 'n hegte romantiese verhouding in hierdie stadium van die roman nie./het mekaar baie lanklaas gesien. ✓	1
	Marie ✓	1
7.12	Die klerk was bot/nie vriendelik/nie behulpsaam met haar aankoms by die hotel nie./Die klerk maak 'n snedige opmerking oor haar Suid-Afrikanerskap. ✓	1
	Nee Iris en Billy, die taxibestuurder in Amerika, kom gemaklik oor die weg met mekaar./ Iris verdra die fotograaf, Joe. Iris maak maklik kennis met die vuurhoutjiedosieversamelaar. Iris en haar nuwe skoonfamilie kom gemaklik oor die weg./ Iris ontferm haar oor Bettie. ✓✓✓	3
	<i>Die kandidaat bied enige DRIE antwoorde vir EEN punt ELK aan.</i>	
		[25]

VRAAG 8: LITERÊRE OPSTEL – *Manaka Plek van die Horings* – Pieter Pieterse

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Nanna is 'n kunsonderwyseres** en beplan om die kinders en die vrouens te help.
- **Sy reik dadelik uit na die mense wat hulle by Manaka leer ken** en maak vriende met Grace, ouma Essie en Baas.
- **As Baas natreën gee sy vir hom 'n handdoek om hom af te droog** en haar man se gestreepte pajamabroek om aan te trek.
- **Nanna gee vir Grace droë klere om aan te trek** en hul lag lekker oor die klere wat nie pas nie en maak saam kos.
- **As sy en Baas mekaar by die wasplek raakloop, vra sy hom om te bly**, want sy het saam met broers grootgeword.
- **Sy vertel Baas hoe lekker sy en Grace gekuier het** en meen hulle sal 'n perfekte paartjie wees – al is Grace swart.
- **Nanna bied aan om saam met Baas te gaan jag** omdat dit miskien iets vir beter verhoudinge kan beteken.
- **Sy terg Baas omdat hy by die badplek so ongemaklik is** omdat hy nie gewoond is daaraan om 'n leefplek met ander mense te deel nie.
- **Nanna wil graag weet wat in Baas se kop aangaan** en hou aan om met hom te praat.
- **Nanna hou aan om met Baas oor Christenskap te praat** omdat sy sy oortuigings wil uitdaag.
- **Sy hardloop saam met Baas agter die honde aan** en help hom om Longwane se wond toe te werk.
- **Sy laat haar nie deur Baas se afsydigheid afskrik nie**, maar maak eerder grappies met hom.
- **Sy leer Grace kitaar speel** omdat sy graag iets nuuts vir nuwe mense leer.
- **Nanna is ontsteld oor die ou vrou wat siek is** en vra Baas moet bly, want sy het nog nooit iemand gesien sterf nie.
- **Nanna is bekommerd oor Baas wat nie genoeg rus kry nie**, want sy gee vir hom om.
- **Nanna gaan lê by Baas en sê sy het die vorige nag na hom verlang**, en nie soos 'n broer nie.
- Toe die Du Pisani's besluit om nie terug te gaan Manaka toe nie, het **Nanna laat weet Grace kan haar kitaar en musiekstukke hou**.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

[25]

OF

VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG – Manaka Plek van die Horings – Pieter Pieterse

Vraag	Antwoord	Punt
9.1	Derdepersoonsverteller ✓	1
	Die verteller skets vir die leser die ruimte/agtergrond. ✓	1
	Die verteller was daar, daarom is sy beskrywing duidelik./presies./ken hy die ruimte. ✓	1
9.2	Lady is na Baas se ma vernoem. ✓	1
	Brindle is na sy oupagrootjie se hond vernoem. ✓	1
9.3	Net soos die bougainvilla dood is, het die sendinggemeente na die dood van Joseph Sitali doodgeloop./is daar geestelike doodsheid. ✓	1
	Baas is 'n versorger/liefhebber van die natuur/gee om. ✓	1
	Net soos die bougainvilla weer uitloop, word Baas weer bewus van sy Christenskap. ✓	1
9.4	Hy was vir hulle die baas van skryf, somme maak en lees. ✓	1
9.5	Hy kap die horings teen die bome vas./ Hy herbou die kerk./ Hy herstel die bankies onder die worsboom./ Hy krap sy naam onder die boom uit. ✓	1
	Ja Baas en die khuta het konflik oor die vervalle geboue. ✓	1
9.6	Die khuta verwag van Baas om vir hulle 'n aandeel in die vleis wat hy verkoop te gee./ Die khuta verwag van Baas om aan hulle kos te verskaf./ Baas moet meer vir besigheidsregte betaal. ✓	1
9.7	Baas vertel Grace van sy droom. ✓	1
	Die band tussen Baas en Grace raak sterker./ Baas vertrou Grace met sy drome. ✓	1
9.8	Hy sit die goeie werk wat sy oupa gedoen het, voort. Hy het 'n pontboot gebou./ Baas het die sendingstasie help herbou. ✓✓	2
	<i>Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt ELK aan.</i>	

9.9	<p>Ja</p> <p>Met die verloop van tyd word Baas beïnvloed deur Grace wat hom help met die keuses wat hy moet maak./</p> <p>Grace herinner Baas aan sy droom, want sy is in haar wese 'n Christen wat omgee, hulp verleen en medemenslik leef./</p> <p>Grace herinner hom telkens aan die goeie mens wat hy is./wys vir hom wat dit is om te vergeef.</p> <p>Baas word ook deur ouma Essie gehelp om antwoorde op sy vrae te kry, want sy gee vir hom die lyfband van muluti Joseph sodat hy in sy rol as geestelike leier kan ingroei. ✓✓✓</p> <p><i>Die kandidaat bied enige DRIE antwoorde vir EEN punt ELK aan.</i></p>	3
9.10	<p>Grace versorg vir Baas toe hy siek word.</p> <p>Sy tree as versorger vir ouma Essie op.</p> <p>Sy help die sendelinge op Manaka.</p> <p>Grace werk hard om Baas se innerlike konflik te help oplos. ✓✓✓✓</p> <p><i>Die kandidaat bied enige VIER voorbeelde uit die roman vir EEN punt elk aan.</i></p>	4
9.11	<p>Die mens staan in 'n belangrike en verantwoordbare verhouding tot die natuur./ tot mekaar./die aard van ware geloof. ✓</p> <p>Ons moet mense volgens hul dade, en nie volgens woorde/velkleur/agtergrond nie, oordeel. ✓</p>	1 1
		[25]

VRAAG 10: LITERÊRE OPSTEL – Vatmaar – AMJ Scholtz

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Oom Chai en Corporal Lewis het die buit uit die Boerehuise gevat**, want dit sou in alle geval in vlamme opgegaan het en vernietig gewees het.
- **Die boumateriaal wat uit die plaashuise verwyder is, is as “vatmaargoed” beskou**, want dit is reeds deur die Britse soldate en nie Oom Chai-hulle nie, afgevat.
- **Die boumateriaal wat uit die plaashuise verwyder is, is as “vatmaargoed” beskou**, want dit het vir 'n groepie arm mense iets gegee om 'n bestaan mee te maak.
- **Hulle het die gebruik/neem van ander se goed nie gesien as steel nie**, want hulle het dit net gedeel/vir 'n wyle geneem.
- **Tommy Lewis vat eenvoudig Nellie se maagdelikheid van haar weg**, want hy het haar net gebruik vir sy plesier en wou nie verantwoordelikheid aanvaar nie.
- **Anna de Bruin eien Kaatjie as haar besitting**, want sy gee haar aan Mevrouw Bosman as kinderopasser.
- **Boere het die werkers as hul eiendom beskou** soos wat Piet de Bruin vir Onie-as as sy eiendom beskou het.
- **Die briewe van Kenny is teruggehou**, want mevrou Bosman het haar die reg toegeëien om dit te doen.
- **Mevrou Bosman het haar die reg toegeëien** om Kaatjie se baba te laat aborteer.
- **Met Tant Wonnie se terugkeer na haar huis na Sannah Vosloo se dood was al haar besittings uit haar huis gevat**, want Vatmaar se mense het nie respek vir ander se besittings gehad nie.
- **Bennie O'Grady het skape gesteel**, want hy het 'n swakheid vir vleis gehad.
- **Reverend Cobb het oom Hendruk se Sondagpak gedra, sy sakhorlosie gevat en met sy fiets gaan huisbesoek doen**, want oom Hendruk was in die tronk vir onwettige diamantbesit en het vir die predikant gesê waar sy huissleutel is.
- **Johnny September steel sy vrou se ring**, want hy wil dit verkoop om geld te kry.
- **Die Septembers eien Tant Wonnie se gemmerbier vir hul toe**, want hul vra net 'n slukkie, maar drink die hele bottel leeg en gooi dit weg.
- **Boitjie eis Bettie en oom Chai se besittings op**, want hy weet Oom Chai is 'n vermoënde man.

- **'n Treinwatertenk word deur Ta Vuurmaak vir hom toegeëien**, want die Boere het 'n Britse treinwatertenk vol gate geskiet.
- **Van die Boere het die grond en besittings wat aan die Griekwas behoort, geneem**, want hulle wou die beste hê en het die Griekwa nie as mense beskou nie.
- **Die Boere se aanvanklike toeëiening van plaasgrond en stigting van Boererepublieke kan ook as 'n vorm van "vatmaar" gesien word**, want nie almal het die grond van die oorspronklike swart bewoners gekoop nie.
- **Brittanje wou die Zuid-Afrikaanse Republiek annekseer**, want die Republiek het die rykste goudriwwe ter wêreld gehad./Bl. 14: South Africa is now part of the British Empire.
- **Die Britte het plaaswonings en plase vernietig en afgebrand**, want hulle kon nie konvensionele oorlogstegnieke teen die Boere gebruik nie./Bl.197: Die Rooinekke kon nie by die Boere kers vashou as dit by skiet kom nie. Die Engelse het dus die Boere se plase afgebrand ...
- **Die Griekwas het hulle kultuur verloor**, want die Engelse het hulle gekersten en verwesters./Bl. 93: ... ons geleer om ons toe te maak ...
- **Die Engelse het eers by die Griekwas gesteel en toe tronkstraf ingebring**, want hulle wou hulle leer om nie te steel nie./Bl. 93: ... het hulle ons geleer ons mag nie steel nie – na hul ons eers van steel geleer het.

Die kandidaat verskaf 'n gepaste slot.

[25]

OF

VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG – Vatmaar – AMJ Scholtz

Vraag	Antwoord	Punt
11.1	'n Vrou/Settie September het Tant Wonnie daarvan beskuldig dat sy haar ring gesteel het en wil 'n klag teen haar lê. ✓	1
11.2	Uiterlike konflik ✓ Tant Wonnie was 'n Rehoboth-baster./nie blank nie./was baie arm./was volgens die polisieman deel van die laagste deel van die bevolking. ✓	1 1
11.3	Derdepersoonsverteller ✓ Die verteller wys vir die leser die sersant se neerhalende houding. ✓ Die verteller ken Tant Wonnie se geskiedenis dus is die vertelling objektief. ✓	1 1 1
11.4	Blatant rassisties./Toon geen respek vir ander rasse/vroue nie. ✓ Die vrou word gestereotipeer as sterk/vreesloos. ✓ Die blanke vrou word gestereotipeer as rassisties. ✓	1 2
11.5	Getrouheid binne 'n verhouding./ Liefde bind twee mense aanmekaar, nie 'n ring nie. ✓ EN Jou hande moet doen wat hulle vind om te doen./ Jy moenie skaam/lui wees om te werk nie. ✓	1 1
11.6	Spanning/Afwagting ✓	1
11.7	Tant Wonnie is diensbaar./trots./vreesloos./medemensliewend. Sy laat haar nie deur armoede onderkry nie./ Sy wil altyd die regte ding doen./ Sy streef daarna om 'n hoë statuur te handhaaf. ✓✓ <i>Die kandidaat bied enige TWEE karaktereienskappe vir EEN punt elk aan.</i> Die gemeenskap buit haar goedheid uit./waardeer haar nie. ✓	2 1
11.8	Beide handel oor die minderwaardige manier waarop mense behandel word. ✓	1
11.9	Die mense dink die Engelse dink hulle is beter as ander. ✓ Ja Suid-Afrika het destyds nog sterk bande met Brittanje gehad en daarom is dit deur sommige hoër geag as Afrikaans. ✓	1 1

11.10	Hulle het gevoel hy moes eerder die diamante aan hulle verkoop het. ✓	1
11.11	Hendruk was nie gelukkig met die uitslag van die gebed vroeër wat bepaal het die predikant moet die diamant kry nie, maar kyk nou vir oulaas na die Bybel asof hy die woord ernstig opneem. ✓ Dis ironies dat hy sê die waarheid sal hom vrymaak, want hy het nie die vryheid gesmaak nie omdat hy tydens die eerste winter in die tronk oorlede is. ✓ <i>Die kandidaat moet BEIDE kante van die ironie noem vir EEN PUNT.</i>	1 1
11.12	Vatmaar het ontstaan te danke aan goed wat maar net gevat is. ✓ Sommige goed, soos in hierdie voorval, is op oneerlike wyse bekom./Die vraag ontstaan of dit wat uit die grond kom, nie maar aan almal behoort nie. ✓ Hendruk se optrede was verkeerd, want hy het eintlik gesteel. ✓ Dit openbaar 'n aktuele waarheid, want baie mense dink hul is geregtig op iets wat hul optel./nie op behoorlike maniere bekom is nie. ✓	1 1 1 1
		[25]

VRAAG 12: LITERÊRE OPSTEL – Onderwêreld – Fanie Viljoen

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Eckardt besluit om Greg sosiaal te manipuleer**, omdat hy die seun van die man is, wat 'n aandeel aan sy pa se verdwyning het.
- **Eckardt misbruik Greg se adrenaliënverslawing**, want hy moet hom by die onderwêreld van kuberkrakerie betrokke kry om sy doel te bereik.
- **Eckardt maak Greg 'n werktuig van sy wraak** deur sy lesse spesifiek so te ontwerp.
- **Eckardt meen dit sal goed vir sy kuberkraker – reputasie wees**, daarom moet hy ook Greg vernietig.
- **Greg raak dus 'n slagoffer**, want hy verloor sy selfrespek en integriteit.
- **A.g.v. sy betrokkenheid by die sosiale manipulering, verloor Greg sy aansien by die skool**, want die sportheld en hoofseun word nou 'n "loser" in die oë van die kinders.
- **As gesin verloor hulle hul status en inkomste**, want sy pa sal heel moontlik tronkstraf uitdien.
- **Eckardt verloor net soos Greg sy pa**, want hy is die een wat sy pa aan die kaak stel en hom heel moontlik tronkstraf laat oplê.
- **Mnr. Owen is ook 'n slagoffer van Eckardt**, want hy verloor die respek van sy vrou en seun.
- **Mnr. Owen verloor sy status as sakeman en sy rykdom**, want sy aandeel aan die hele saak word ontbloot.
- **Mnr. Owen verloor egter meer as net die materiële**, want die ongenaakbare sakeman verloor ook sy selfvertroue.
- **Rina Owen sal nog verder vereensaam**, omdat sy haar herehuis en alles wat daarmee gepaardgaan sal moet prysgee en sy verloor 'n lewensmaat.
- **Dok Alec Pienaar verloor die aansien wat hy in die gemeenskap geniet het**, omdat hy nie meer skoolhoof kan wees van 'n vooraanstaande skool nie./die hoof van 'n welvarende farmaseutiese maatskappy is nie.
- **Dok Alec verloor egter ook sy welvaart**, aangesien hy sy maatskappy en die inkomste uit die virus verloor.
- **Dok Alec verloor ook sy vryheid**, want hy gaan tronk toe.
- **TJ verloor Greg se vriendskap en respek**, omdat hy hom gaan verklik het.
- **Tom raak ook indirek 'n slagoffer van Eckhardt**, omdat sy aandeel vir seker verreikende gevolge vir sy loopbaan sal inhou.
- **Eckardt word self 'n slagoffer van sy eie sosiale manipulasie**, omdat hy in Greg 'n bondgenoot en vriend verloor het.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

OF

VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG – onderwêreld – Fanie Viljoen

Vraag	Antwoord	Punt
13.1	Eckardt kuier (die eerste keer) in Greg se koshuiskamer (en lig hom in omtrent interessante rekenaarfeite). ✓	1
13.2	Eerstepersoonsverteller ✓ Die verteller laat die leser beseef dat Greg se pa baie van hom verwag./hom druk om te presteer./Greg gefrustreerd is oor die druk wat sy pa op hom plaas. ✓ 'n Ander soort verteller sou nie 'n eerlike/getroue/geloofwaardige vertelling kon aanbied nie. ✓	1 1 1
13.3	(Ouer)druk/Prestasie/Onderwêreld van druk ✓ Hy worstel innerlik met al sy probleme, bv. sy broer se dood./ Hy raak nie regtig by uiterlike konflik betrokke nie, bv. Kwanele wat sy terrein oortree. ✓	1 1
13.4	r.9 – Eckardt meen die skool breinspoel die leerders om op 'n sekere manier te dink, maar hy is besig om Greg te breinspoel om wraak te neem. ✓ r. 17 – Eckardt meen Greg is besig om gevaarlik/onverantwoordelik met die rekenaar om te gaan, maar sy onderwêreldse bedrywighede/hacking is ook baie gevaarlik/onwettig. ✓ <i>Die kandidaat moet BEIDE kante van ironie aanbied vir EEN PUNT.</i>	1 1
13.5	Greg se pa en Dok Pienaar het Eckardt se pa afgepers dat hul die omkoopinligting bekend sou maak as hy hul nie verder help nie./ Dok Pienaar en Greg se pa het bygedra tot Eckardt se pa se 'verdwyning'./ Dok Pienaar en Greg se pa het Eckardt se gesin se lewe verwoes. ✓✓ Eckardt onbloom sy ware identiteit in Clarens aan Greg./ Greg se pa en Dok Pienaar is ontmasker as bedrieërs/misdadigers/word vervolgt vir hul onwettige daade./ Greg se gesin verbrokkel. ✓ Dit is ongeregverdig omdat hy die volwassenes aan die kaak stel en so wys hy het ruggraat. ✓	2 1 1
13.6	Teks G is 'n ligter/gemakliker/opgewekte oomblik terwyl Teks H emosiebelaaï is/gevul is met frustrasies/hartseer/hartsake/dieperliggende emosies. ✓	1

13.7	<p>Greg en Nicole se kommunikasie dui op tekens van verliefdheid/romanse, terwyl Greg se pa en ma glad nie kommunikeer nie./in 'n liefdelose verhouding vasgevang is. ✓</p> <p>Aangesien Greg vermoed Eckardt was in Jeffreys laatnag in Nicole se kamer, vermoed hy Nicole het gevoelens vir Eckardt. ✓</p>	1 1
13.8	<p>Greg is opstandig. ✓</p> <p><i>Die kandidaat bied 'n soortgelyke karaktereienskap vir EEN punt aan. Die eienskap mag omskryf word.</i></p>	1
13.9	<p>Ja</p> <p>Greg se welvarende/gedrewe pa bedryf 'n suksesvolle mediamaatkappy./</p> <p>Greg styg akademies/op die sportveld uit en word beloon met die hoofseunskap./</p> <p>Dok Pienaar is 'n gedrewe/gesiene sakeman wat met geld ander manipuleer./</p> <p>Die roman skets die idee dat geld mag is./</p> <p>In Lawson Kollege sal die gemiddelde leerder nie sukses behaal nie./Die Trappers wat nie die doopritueel voltooi nie, sal nie by die skool kan aanbly nie. ✓✓✓</p> <p><i>Die kandidaat bied DRIE voorbeelde aan waar dit duidelik blyk dat 'n mens beter as die gewone/gemiddelde moet wees om uit te styg.</i></p>	3
13.10	<p>Dit is Greg se skuilnaam/hacker nickname in die elektroniese onderwêreld. ✓</p>	1
13.11	<p>Eggo-motief ✓</p> <p>Eckardt beleef sy pa se selfmoordpoging en hierdie gebeurtenis bly hom./</p> <p>Wanneer Eckardt se pa verdwyn, wag Eckardt op antwoorde, maar kry net "eggo's" uit die onderwêreld./</p> <p>Eckardt raak juis 'n kuberkraker in sy tienerjare om die gebeure rondom sy pa te vergeld. ✓ ✓</p>	1 2
13.12	<p>Die wêreld van kuberkrakers en die manipulering van data kan verreikende gevolge inhou. ✓</p> <p>Kuberkrakery/Die onderwêreld sal my intrek sodat ek deel raak van 'n netwerk van leuens en valsheid. ✓</p> <p><i>Die kandidaat formuleer 'n eie gepaste boodskap binne konteks van die verhaal.</i></p>	1 1
		[25]

AFDELING C: DRAMA**VRAAG 14: LITERÊRE OPSTEL – *Krismis van Map Jacobs* – Adam Small**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Die tatoeëermerke is Map se soeke na sy identiteit dui**, want dit is 'n aanduiding van hoe sy lewe verloop het.
- **Map kry nie geleenthede in die lewe nie** en daarom wend hy hom tot bendebedrywighede waar hy met tatoeëermerke kennis maak/ 'n merk vir elke bende kry.
- **Vir Map is die tatoeëermerke belangrik**, want dit dui op sy herkoms/geskiedenis.
- **Map het tatoeëermerke van 'n kaal vrou, 'n kitaar, die vure van die hel en 'n mombakkies** wat op sy bendebedrywighede dui.
- **Sy tatoeëermerke is sy kaart/getuigskrif van sy lewe**, want dit is al wat hy het om moontlike werkgewers tydens die onderhoude te wys.
- **La Guma is dit jammer dat Map sy lyf ontsier het/by implikasie die bendepad geloop het**, want hy noem dat Map 'n mooi lyf het en dat dit net jammer is van die tatoeëermerke.
- **Die tatoeëermerke dui op Map se (vorige) lewe as bendelid en -leier**, want hy verwys daarna as die dinge van die hel.
- **La Guma noem dat die tatoeëermerke op Map se desperaatheid dui** wat ontstaan as gevolg van die sosiale misdrywe in die Kaapse Vlakte.
- **Die tatoeëermerke dui op die soeke na iets, na identiteit**, want die Kaapse Vlakte word as 'n *wasteland* gesien.
- **Map hou op om na sy identiteit te soek nadat hy by die bendes aangesluit het** en tatoeëermerke gekry het, want hy het gevoel dat hy nou êrens behoort.
- **Die tatoeëermerke verwys na Map se leierseienskappe**, want in die bendes het Map 'n leier geword wat al die besluite geneem het.
- **Die tatoeëermerke impliseer die kaart van Map se lewe**, soos die moord op Ivan Philander.
- **Die tatoeëermerke impliseer waarheen Map op pad is**, want dit herinner hom aan die sleg van die verlede en die hoop vir toekoms.
- **Die tatoeëermerke is 'n aanduiding van Map se belydenis**, want hy weet na sy bekering watter pad hy nou moet loop.
- **Die tatoeëermerke is dus 'n herinnering aan die pad na heelword wat Map geloop het**, want as hy daarna kyk onthou hy die verkeerde.
- **Map toon berou vir sy dade en sy lewe neem 'n wending/word nuut na sy bekering**.
- **Map ontvang vergifnis van die tronkowerhede**, want hy word vrygelaat op die sewende van die maand Desember wat op vergifnis dui.
- **Map toon berou oor sy dade**, want hy vra vergifnis van sy ma/Blanchie.

- **Map is terug in die gemeenskap, maar hy is nog nie heeltemal vry nie,** want die gemeenskap is nie seker dat hy verander het nie.
- **Map het uiteindelik vryheid bereik,** want hy kniel in boetedoening voor sy ma neer en sy vergewe hom./Blanchie en Map vergewe mekaar.
- **Map het uiteindelik sy vryheid bereik,** want na Cavernelis se dood kan hy weer sy plek in die gemeenskap soos voorheen inneem.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

[25]

OF

VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG – *Krismis van Map Jacobs – Adam Small*

Vraag	Antwoord	Punt
15.1	Die toneelaanwysing laat die leser beseft dat Tommy die woorde aan Map sê om reaksie uit te lok./om Map te skok. ✓	1
15.2	Map is pas uit die tronk vrygelaat toe Tommy hom by Antie Grootmeisie se <i>Council</i> -huis raakloop. ✓	1
15.3	r. 3 – dit dui Tommy se aarseling/huiwering aan./Tommy skep 'n stilte vir dramatiese effek./om spanning te bou. ✓	1
	r.5 – Die gedagte stem die leser tot nadenke oor die ironie in Tommy se opmerking./Die leser kom tot die beseft dat dit alles behalwe die waarheid is. ✓	1
15.4	Tommy dra skindernuus aan Map oor om hom te ontstel/spanning te skep./reaksie te kry. ✓	1
	Ja, want hy is nog altyd lief Blanchie. ✓	1
	Dit suggereer dat hy werklik verander het./dat hy nie meer Map is nie, maar Johnnie. ✓	1
15.5	Tommy is vermakerig/moedswillig/onderduims/ongevoelig./onsensitief. ✓	1
	Tommy probeer ook snaaks/humoristies/verspot wees. ✓	1
15.6	r.28 – Map, nie Blanchie nie, was die een wat by misdrywe betrokke geraak het, maar nou is dit Blanchie wat onbehoorlike gedrag toon./Noudat Map uiteindelik bekeer is, is Blanchie nie op die regte pad nie. ✓	1
	r.30-31 – Tommy verklaar dat hy hom nie met ander mense se sake bemoei nie, maar hy is eintlik 'n groot skinderbek in die gemeenskap. ✓	1
15.7	Cavernelis wou graag sy gesin uit die township kry./'n beter lewe vir hom en sy gesin buite die Kaapse Vlakte verseker. ✓	1
	Nee Hy het gesterf/selfmoord gepleeg voordat hy uit die township kon ontsnap. ✓	1
15.8	Die verteller skep spanning/afwagting sodat die leser beseft iets verskrikliks het pas gebeur./skets vir die leser die veranderde atmosfeer nadat Cavernelis selfmoord gepleeg het./die agtergrond van die hartseer gebeure wat volg. ✓	1

15.9	Die vroueonderklere wat Cavernelis verkoop het. ✓ Dit is sy pas/weg uit sy omstandighede./ Terwyl hy soft goods uit sy tas verkoop, ontsnap hy vir 'n oomblik van die Kaapse Vlakte. ✓	1 1
15.10	Hy is 'n selfaangestelde segsman/kommentator/uitgesprokene oormense se doen en late. Hy is 'n politieke aktivis./polities sensitief. Hy is gesondheidsbewus. ✓✓ Sy optrede getuig van oordreweheid./Sy oordrewe optrede dwing ander om met hom die spot te dryf./Sy beheptheid met politiek en fiksheid noop ander om met hom die spot te dryf. ✓	2 1
15.11	In Teks J is hy ontsteld/verward/kwaad oor Blanchie se afvalligheid/, maar hier is hy beskermend/liefdevol teenoor haar. ✓ Blanchie en Map het mekaar (net voor hierdie teksgedeelte) vergewe. ✓	1 1
15.12	Toe Blanchie nie die modelkontrak kry nie, is alle hoop op 'n uitkomst vir sy gesin vernietig./Blanchie het in 'n oomblik van waarheid geskree dat dit (die kontrak/hul ongeluk) alles Cavernelis se skuld is./Blanchie en Maud se verskriklike bakleiery het hom laat beseef dat hy sy gesin verwoes het. ✓ Maud kom tot inkeer/die beseef dat Cavernelis sy bes probeer het./Die kledingstukke wat deur haar vingers loop, is simbolies van haar beseef/insig dat sy nie sy harde werk/moeite genoeg waardeer het nie (en hom dalk deur haar vingers laat glip het omdat sy nie genoeg waardering/begrip getoon het nie). ✓ Ja Hy sou enigiets vir sy gesin doen om vir hul 'n beter lewe te verseker./Hy het baie hard gewerk om ekstra geld te verdien waarmee hy hom en sy gesin uit die township wou uitkoop./Hy het sy gesin se beste belange op die hart gedra hoewel sy optrede verkeerd was./Hy het aan 'n beter toekoms vir sy vrou en dogter geglo. Nee Hy verkoop sy dogter as prostituut./Hy skeep sy vrou af./Hy is behep met geld./Hy gooi sy waardes oorboord in poging om sy gesin uit die township te kry. ✓✓ <i>Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.</i>	1 1 2
		[25]

VRAAG 16: LITERÊRE OPSTEL – Mis – Reza de Wet

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Miem, in 'n mindere mate Gertie, is bewakers van 'n enge Calvinistiese kultuur**, want Meisie verbeid om die sirkus te besoek, want dit is boos.
- **Miem probeer Meisie aan die konstabel afsmeer en wys hom daarop dat haar heupe breed is – sal dus kinders kan baar.** As sy egter so eng was, sou sy nie haar dogter so opveil nie
- **Sy praat ook met 'n man, Konstabel, oor 'n borstrok.** Dit is heeltemal onvanpas vir iemand wat regtig eng is.
- **Hierdie skynheiligheid kom ook na vore wanneer sy gretig uitvra oor die sirkus**, maar dan sê sy wil niks weet van die sirkus nie.
- **Sy gebruik Meisie om te hore te kom wat sy eintlik wil hoor**, want sy sê sy vra hieroor uit, sodat Meisie kan ophou kla oor haar voorkoms en dat sy dankbaarheid kan leer.
- **Miem wat so kuis is, sit met seksuele frustrasies.** En dan erken sy aan die konstabel, wat wildvreemd is, daar word "gevoelens" by haar aangewakker deur sy teenwoordigheid.
- **Mens sien Miem aanvanklik as die beskermer van haar dogter**, maar eintlik is sy dominerend en word Meisie 'n gevangene in haar eie huis.
- **Miem is 'n sterk vrou en sou Gabriël a.g.v. sy onttrekking as 'n swakkeling beskou**, maar dit is egter teen haar Calvinistiese grein om haar man in 'n negatiewe lig te bekou – al dink sy anders.
- **Miem sê sy dra Meisie se belange op die hart**, maar haar redes om Meisie getroud te kry, is selfsugtig. Gabriël sal dan afkom en so sal sy hom weer sien.
- **Gertie is nie eerlik nie**, want haar beheptheid met LO en fisieke gesondheid en vars lug is slegs 'n skans.
- **Gertie kom voor as erg konserwatief**, maar in werklikheid is sy 'n onderdrukte en seksueel gefrustreerde vrou.
- Haar seksueel gemotiveerde fantasiespel as Hannie, **toon 'n totale ander persoon as wat ons leer ken.**
- **Sy gee voor om die sirkus te haat**; tog gaan sy na die sirkus kyk
- **Haar gunsies aan die konstabel is nie opreg nie**, want sy probeer hierdeurs die konstabel vang.
- **Sy stuur Miem en Meisie bed toe/roep Meisie en Konstabel in die huis in**, maar sy wil eintlik net alleen met Konstabel wees./onder die dekmantel dat Meisie sal siek word in die aandlug.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

OF

VRAAG 17: KONTEKSTUELE VRAAG – Mis – Reza de Wet

Vraag	Antwoord	Punt
17.1	Die slopemmer. ✓ Haar pa sit al vir jare in die solder en sy moet haar afsloof om hom te versorg. ✓ Sy het nie 'n normale jongmenslewe nie. ✓	1 1 1
17.2	jy ✓	1
17.3	As Meisie en Konstabel trou, sal Gabriël afkom ✓ en dan sal hy aan Miem se behoeftes kan voorsien ✓	2
17.4	Sy wil nie verkeerde goed doen/ haar ma weer ontstel nie , ✓ want dan raak haar Ma weer siek. ✓	2
17.5	Dit is geslaagd, want dit herinner die leser voortdurend aan die bonatuurlike/eksotiese/Meisie se verlange na vryheid/die teenwoordigheid van die gevaar. ✓ Telkens wanneer Meisie die sirkusmusiek hoor, raak sy vreesbevange, want sy is bang sy gee toe aan die gevaar/ Telkens wanneer Meisie die musiek hoor, kyk sy verlangend na die liggies van die sirkus wat vir haar so eksoties is./ Wanneer Meisie na die sirkus wil gaan/daaroor wil praat, belet Miem haar en raak sy bewus van haar verlange na vryheid. ✓✓ <i>Die kandidaat bied enige TWEE bewyse vir EEN punt ELK aan</i>	1 2
17.6	Miem het 'n knellende houvas op Meisie en daarom smag sy na vryheid buite die huis./wil sy vry wees ✓ Dit is geregverdig, want in ons eie tyd is daar steeds baie mense wat van hul huise wegloop in 'n poging om vryheid te bekom. ✓	1 1
17.7	Sodat die kontras tussen tant Hannie en Gertie baie duidelik geteken staan. ✓	1
17.8	Daar sou nie meer 'n magiese/ hipnotiserende/ sensuele atmosfeer gewees het nie. ✓	1
17.9	Gertie begeer wel om 'n man te hê , maar sy is nie mooi genoeg/ sensueel genoeg om begeer te word nie. ✓	1
17.10	Dit is geloofwaardig, want hy raak heeltemal meegevoer. ✓ Die neweteks praat van droomverlore. ✓	1 1
17.11	Minagting. ✓ Nee, dit is nie geloofwaardig nie. Sy het net 'n verskoning gesoek om met Konstabel te kan praat. ✓ Skynheiligheid ✓	3

17.12	Deur sy optrede probeer hy Meisie se vertrouwe wen, want hy wil haar later bevry. ✓	1
	Sy optrede in Teks L bied kortstondige bevryding. ✓	1
	Meisie laat toe dat hy haar aan die einde van die drama volledig bevry. ✓	1
	Meisie kan moontlik die vriend/jongmenslewe bekom wat sy nog altyd wou gehad het. ✓	1
		[25]

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 80

AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
	8–10	6–7	4–5	2–3	0–1
INHOUD Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks 7 PUNTE	<ul style="list-style-type: none"> - Diepgaande interpretasie van onderwerp. - Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is. - Uitstekende begrip van die genre en gedig. 	<ul style="list-style-type: none"> - Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer. - Respons redelik gedetailleerd. - Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie. - Begrip van genre en gedig duidelik. 	<ul style="list-style-type: none"> - Redelike interpretasie van die onderwerp. - Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp. - Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie. - Basiese begrip van genre en gedig. 	<ul style="list-style-type: none"> - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp. - Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie. - Onvoldoende begrip van genre en gedig. 	<ul style="list-style-type: none"> - Geen begrip van die onderwerp nie. - Geen verwysing na die gedig nie. - Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie.
STRUKTUUR EN TAAL Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel 3 PUNTE	<ul style="list-style-type: none"> - Samehangende struktuur. - Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling. - Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek. - Grammatika, spelling en puntuasie feitlik foutvry. 	<ul style="list-style-type: none"> - Duidelike struktuur en logiese vloei van argument. - Vloei van argument kan gevolg word. - Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek. 	<ul style="list-style-type: none"> - Enkele bewyse van struktuur. - 'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel. - Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas. 	<ul style="list-style-type: none"> - Struktuur toon tekens van swak beplanning. - Argumente nie logies gerangskik nie. - Taalfoute beduidend. - Toon en styl nie geskik nie. 	<ul style="list-style-type: none"> - Struktuur swak. - Ernstige taalfoute. - Foutiewe styl.
VERSPREIDING VAN PUNTE	8–10	6–7	4–5	2–3	0–1

AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik 12–15	Knap 9–11	Gemiddeld 6–8	Elementêr 4–5	Onvoldoende 0–3
INHOUD Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks 15 PUNTE	<ul style="list-style-type: none"> - Uitsonderlike respons: 14–15 - Uitstekende respons: 12–13 - Diepgaande interpretasie van onderwerp. - Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is. - Uitstekende begrip van die genre en teks. 	<ul style="list-style-type: none"> - Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer. - Respons redelik gedetailleerd. - Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie. - Begrip van genre en teks duidelik. 	<ul style="list-style-type: none"> - Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie. - Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp. - Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie - Basiese begrip van genre en teks. 	<ul style="list-style-type: none"> - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie. - Min punte wat die onderwerp ondersteun. - Baie min relevante argumente. - Weinig begrip van genre en teks. 	<ul style="list-style-type: none"> - Geen begrip van die onderwerp nie. - -Swak poging om die vraag te beantwoord. - Argumente oortuig nie. - Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie.
STRUKTUUR EN TAAL Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel 10 PUNTE	8–10 <ul style="list-style-type: none"> - Samehangende struktuur. - Uitstekende inleiding en slot. - Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling. - Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek. 	6–7 <ul style="list-style-type: none"> - Duidelike struktuur. - Logiese vloei van argument. - Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer. - Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek. 	4–5 <ul style="list-style-type: none"> - Enkele bewyse van struktuur. - Logika en samehang is duidelik, maar met foute. - Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas. - Paragrafering meestal korrek. 	2–3 <ul style="list-style-type: none"> - Struktuur toon tekens van swak beplanning. - Argumente nie logies gerangskik nie. - Taalfoute beduidend. - Toon en styl nie geskik nie. - Paragrafering foutief. 	0–1 <ul style="list-style-type: none"> - Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente. - Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk. - Styl en toon nie geskik nie. - Paragrafering foutief.
VERSPREIDING VAN PUNTE	20–25	15–19	10–14	5–9	0–4